Government Gazette
Staatskoerant
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

Vol. 525 Cape Town, Kaapstad, 26 March Maart 2009 No. 32065

## THE PRESIDENCY

No. 367 26 March 2009

It is hereby notified that the President has assented to the following Act, which is hereby published for general information:—

**Constitution Sixteenth Amendment Act of 2009.**

## DIE PRESIDENSIE

No. 367 26 Maart 2009

Hierby word bekend gemaak dat die President sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

**Sestiende Wysigingswet op die Grondwet van 2009.**

*(English text signed by the President.)*
*(Assented to 25 March 2009.)*

# ACT

**To amend the Constitution of the Republic of South Africa, 1996, in order to re-determine the geographical areas of the provinces of Gauteng and North West; and to provide for matters connected therewith.**

PARLIAMENT of the Republic of South Africa enacts as follows:—

**Amendment of Schedule 1A to the Constitution of the Republic of South Africa, 1996, as inserted by section 4 of the Constitution Twelfth Amendment Act of 2005 and amended by section 1 of the Constitution Thirteenth Amendment Act of 2007**

**1.** Schedule 1A to the Constitution of the Republic of South Africa, 1996, is hereby amended by—

(a) the substitution, under the heading "The Province of Gauteng", for the reference to "Map No. 4 of Schedule 1 to Notice 1998 of 2005" of a reference to "Map No. 4 in Notice 1490 of 2008"; and

(b) the substitution, under the heading "The Province of North West", for the reference to "Map No. 5 of Schedule 1 to Notice 1998 of 2005" of a reference to "Map No. 5 in Notice 1490 of 2008".

**Short title and commencement**

**2.** This Act is called the Constitution Sixteenth Amendment Act of 2009, and comes into operation on a date determined by the President by proclamation in the *Gazette*.

*(Engelse teks deur die President geteken.)*
*(Goedgekeur op 25 Maart 2009.)*

# WET

**Tot wysiging van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996, ten einde die geografiese gebiede van die provinsies van Gauteng en Noordwes te herbepaal; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.**

DIE PARLEMENT van die Republiek van Suid-Afrika bepaal soos volg:—

**Wysiging van Bylae 1A by die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996, soos ingevoeg deur artikel 4 van die Twaalfde Wysigingswet op die Grondwet van 2005 en gewysig deur artikel 1 van die Dertiende Wysigingswet op die Grondwet van 2007**

**1.** Bylae 1A by die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996, word hierby gewysig deur—

(a) onder die opskrif "Die Provinsie van Gauteng" die verwysing na "Kaart No. 4 van Bylae 1 by Kennisgewing 1998 van 2005" met 'n verwysing na "Kaart No. 4 in Kennisgewing 1490 van 2008" te vervang; en

(b) onder die opskrif "Die Provinsie van Noordwes" die verwysing na "Kaart No. 5 van Bylae 1 by Kennisgewing 1998 van 2005" met 'n verwysing na "Kaart No. 5 in Kennisgewing 1490 van 2008" te vervang.

**Kort titel en inwerkingtreding**

**2.** Hierdie Wet heet die Sestiende Wysigingswet op die Grondwet van 2009, en tree in werking op 'n datum deur die President by proklamasie in die *Staatskoerant* bepaal.